Vrydag **11**

SKRIFGEDEELTE: JEREMIA 20:1-6
FOKUSGEDEELTE: JEREMIA 20:3, 4 (OAV)

Pashur – Niks kan die waarheid stuit nie!

By die Potskerwepoort het Jeremia die verskriklike werklikheid van Juda se sonde uitgebeeld (Jer. 19). Soos 'n kruik wat breek, so sal God Juda verpletter. Die rede? Juda het haarself teen God se oproepe tot bekering verhard:

- Hulle het van God afvallig geword en afgode aanbid.
- Hulle het die heiligheid van die tempel geskend en onskuldiges vermoor.
- Selfs hulle eie kinders het hulle in diens aan Baäl geoffer.
- En ten spyte van oproepe tot bekering het die valse profete in Juda bly profeteer dat God nie straf sou bring nie.

By die aanhoor van hierdie boodskap is die priesters en die volksleiers woedend. Pashur, hoofopsigter by die tempel, wat verantwoordelik was vir die handhawing van orde, straf vir Jeremia: hy laat hom slaan (waarskynlik die gebruiklike 40 houe) en sit hom in die blok. Hy ontvang sy straf op 'n prominente plek, sigbaar vir almal en in die openbaar. Wat 'n vernedering moes hy nie deurgaan nie – terwyl hy in intense pyn verkeer, word hy deur die vyande van God uitgejou.

Die straf van Pashur het egter nie die gewenste uitwerking nie. Dit kan nie die waarheid stilmaak nie, dit kan nie God in sy almag stuit nie. God kondig deur Jeremia sy oordeel oor Juda aan. Pashur se naam word deur die Here verander na "Skrik-rondom". Pashur se naam word nou 'n profesie van die ondergang wat God gaan bewerk as straf op sy en Juda se ongehoorsaamheid. Hulle gaan weggeneem word na 'n heidense land, en in ballingskap sterf. Wat hulle nie na waarde geskat het nie – die gemeenskap met God – gaan nou van hulle verwyder word.

God laat in sy almag nie met Hom mors nie. Hy duld nie die sonde nie, Hy duld nie die onheiligheid van 'n volk wat houtgerus Hom ignoreer nie.

Eindelik is die lyding van Jeremia as dienskneg van die Alhoë niks teen die lyding van Jesus nie. Die Lam is geslag vir ons oortredings om die gebroke gemeenskap met God te herstel. Sy gehoorsaamheid neem ons ongehoorsaamheid weg. Sy gehoorsaamheid word ons gehoorsaamheid. Hy neem die verskrikking – die verskrikking van reg rondom ons – op Hom, dat ons in afgesonderdheid van die wêreld toegewyd aan Hom sal lewe.

Sing: Psalm 2-1:1, 2, 3, 6

Ds. JL (Jan-Louis) Lee (Bothaville)